

Toegang tot geregtigheid in Suid-Afrika: almal se reg; 'n ontoeganklike ideaal vir talle

Theo Broodryk

Theo Broodryk, Regskliniek, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Almal beskik oor die reg op toegang tot geregtigheid. Dit bly egter 'n ontoeganklike ideaal vir talle. Hoewel die reg op toegang tot howe grondwetlik verskans is, beskik talle Suid-Afrikaners nie oor toegang tot howe, en dus geregtigheid, nie. Hierdie artikel voer verskeie redes aan ter verduideliking van die heersende gebrek aan toegang tot geregtigheid in Suid-Afrika. Dit sluit onder andere onbekostigbare regsfooie in, wat toegang tot geregtigheid belemmer. Regsfooie en ander kostes wat met toegang tot die Suid-Afrikaanse siviele regstelsel verband hou, is duur en dikwels onbekostigbaar. Dit is ook duidelik dat toegang tot geregtigheid in Suid-Afrika beduidend deur hoë vlakke van armoede en ongeletterdheid belemmer word. Die Covid-pandemie het die situasie aansienlik vererger. Daar bestaan egter moontlikhede wat nagestreef kan word om die reg op toegang tot geregtigheid te bevorder. Die artikel oorweeg onder andere hoe grootskaalse kollektiewe litigasie deur van die groepsgedingmeganisme gebruik te maak, dien as voorbeeld van hoe bestaande siviele prosesregtelike meganismes tot voordeel van hulp-behoewende persone benut kan word. Finansiering van prosesvoering as 'n middel om toegang te fasiliteer, en bemiddeling, sou ook moontlik toenemend benut kan word ter bevordering van die reg op toegang tot geregtigheid.

Trefwoorde: bemiddeling; geregtigheid; groepsgeding; howe; regsfooie; regstoegang; toegang tot howe

Abstract

Access to justice in South Africa: everyone's right; an inaccessible ideal for many

Section 34 of the Constitution enshrines the right of access to courts. It provides that “[e]veryone has the right to have any dispute that can be resolved by the application of law decided in a fair

public hearing before a court or, where appropriate, another independent and impartial tribunal or forum.” Although the right of access to courts is constitutionally entrenched, many South Africans lack access to justice.

Access to justice in South Africa is significantly impeded by high levels of poverty and illiteracy. Furthermore, legal fees and other costs associated with accessing the South African civil justice system are expensive and often prohibitive. Even where individuals are able to access the courts, there is a risk that they may be liable for costs if they are unsuccessful in the litigation.

The primary South African source of legal services provision for persons who cannot afford private legal services is legal aid funded by the government, which is provided through Legal Aid South Africa (Legal Aid SA). Legal Aid SA is a national public entity established by the Legal Aid South Africa Act 39 of 2014. Legal Aid SA provides access to free legal services to indigent clients through a combination of justice centres and satellite offices. The satellite offices operate on a smaller scale, compared with the justice centres. According to Legal Aid SA’s annual report for the 2020/2021 financial year there were 297 206 new legal aid matters, of which 269 388 (91%) were new criminal matters and 27 818 (9%) new civil matters. 372 830 indigent and vulnerable people were provided with legal representation and legal advice. There was a 44% decrease in the number of new legal aid matters compared with the previous financial year. There were 23% fewer criminal matters and 46% fewer civil matters when compared with the previous financial year. Legal Aid SA also experienced significant budget cuts during the above period. Legal Aid SA’s ability to provide access to justice has thus clearly been impeded in recent times, owing largely to the COVID-19 pandemic.

Legal Aid SA’s core service is the provision of legal aid in criminal matters. Legal Aid SA concludes cooperation agreements with various cooperation partners, such as university law clinics, throughout South Africa, to provide legal aid to indigent clients in civil matters. Unfortunately this is not enough to enable the significant demand for free legal aid to be sufficiently met. It has accordingly been submitted that there is a moral as well as a legal imperative for legal professionals across the board to contribute to improving access to justice for the poor. This is also necessary since resource constraints hinder the provision of legal aid and have an impact on the determination of the threshold for the means test. The particularly low threshold excludes the numerous deserving individuals from accessing free legal aid.

The article considers various ways in which access to justice may be advanced for those who need it most. In this regard, for example, reference is made to section 35(3) of the Constitution, which enshrines accused persons’ right to legal representation in criminal matters. As mentioned, section 34 of the Constitution affords everyone the right of access to courts. No distinction is drawn between civil and criminal matters. The predominance of legal aid in criminal cases has therefore been criticised by several authors, as it fails to interpret section 34 sufficiently widely to include legal representation in civil matters, in line with international instruments.

Previously, legal practitioners were required to provide 24 hours’ free legal aid per annum to indigent members of the South African community who pass a means test. Unfortunately, following the establishment of the Legal Practice Council in terms of the LPA, which was promulgated on 29 October 2018, the 24 hours requirement appears to have been done away with. Currently, it is unclear whether legal practitioners are obliged to perform *pro bono* work and, if so, who is responsible for monitoring *pro bono* hours and how the obligation is enforced.

In forma pauperis proceedings may be brought in terms of the Rules Regulating the Conduct of the Proceedings of the Several Provincial and Local Divisions of the High Court of South Africa (Uniform Rules). The mechanism enables the Registrar of the High Court to refer indigent individuals who have assets worth less than R10 000 to legal practitioners in private practice for legal assistance. Private practitioners are not compensated, but are able to recover their fees and disbursements at ordinary tariff rates if the litigant is awarded costs.

Another way in which access to justice in South Africa is facilitated is through the Small Claims Courts. There are numerous Small Claims Courts throughout South Africa, and these courts adjudicate claims of less than R20 000. Legal representation is not permitted in the Small Claims Courts, and claims are adjudicated by small claims commissioners. The Small Claims Courts have broad civil jurisdiction. Natural persons may sue in the Small Claims Courts; however, juristic persons may only be sued (they may not institute proceedings), and the government may not be a party to Small Claims Court proceedings.

Consumer courts and other consumer protection mechanisms have also been established throughout South Africa in terms of the Consumer Protection Act 68 of 2008 (CPA). The CPA enables the lodging of consumer complaints in a variety of forums. Section 4 of the CPA regulates who may institute consumer complaints and includes, for example, “anyone who acts as a member of, or in the interests of, a group or class of affected persons” and “anyone who acts in the public interest”. Consumer disputes may be lodged in various forums, including the National Consumer Tribunal, the National Consumer Commission, the appropriate ombudsman’s office, consumer courts and criminal courts. Disputes may also be resolved through alternative dispute resolution.

It is also worth keeping in mind that it is possible for individuals to take issue with the fees charged by their legal representatives. The LPC may, in terms of the LPA, appoint a committee at the request of any person who has *locus standi* to do so, to assess the fees and reasonable disbursements payable to a legal practitioner in respect of the performance of their work.

It is also possible to fund civil litigation by entering into contingency fees agreements or through third party litigation funding. Class actions are also increasingly used as a mechanism to promote access to justice in South Africa. The class action mechanism is particularly useful in relation to the recovery of individually non-viable claims. Especially in the South African context, with its high levels of unemployment, illiteracy and poverty, the existence of social, psychological and financial barriers may mean that, but for the class action, individual class members would not have enforced their claims independently.

Finally, the article also considers court-annexed mediation as a tool to advance access to justice in South Africa.

Keywords: access to courts; class action; courts; justice; legal access; legal fees; mediation

1. Grondwetlik verskanste reg op toegang tot howe

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika van 1996 (Grondwet) is Suid-Afrika se opperste wet. Artikel 2 van die Grondwet bevestig dit en bepaal ook dat enige wetgewing of

optrede strydig daarmee ongeldig is en dat die verpligtinge wat daardeur opgelê word, nagekom moet word. Artikel 34 van die Grondwet verskans die reg op toegang tot houe. Dit bepaal dat elkeen oor die reg beskik dat 'n geskil wat deur die toepassing van die reg besleg kan word, in 'n billike openbare verhoor voor 'n hof beslis word of, waar dit gepas is, voor 'n ander onafhanklike en onpartydige tribunaal of forum. In *Road Accident Fund v Mdeyide*¹ bevind die Konstitusionele Hof dat die fundamentele reg op toegang tot houe noodsaaklik is vir 'n konstitusionele demokrasie ingevolge die oppergesag van die reg. Om 'n mens se regte ingevolge die Grondwet, wetgewing en die gemene reg te handhaaf, moet elkeen daartoe in staat wees om 'n geskil wat deur die toepassing van die reg besleg kan word, in 'n billike openbare verhoor voor 'n hof te laat beslis. Die reg op toegang tot houe word dus deur die Grondwet beskerm.² In *Mukaddam v Pioneer Foods (Pty) Ltd*³ bevestig die Konstitusionele Hof dat toegang tot houe van grondliggende belang vir ons demokratiese orde is.

Daar is egter talle struikelblokke vir toegang tot geregtigheid in Suid-Afrika. Regter Didcott, in *Mohlomi v Minister of Defence*,⁴ verwys onder andere na armoede, ongeletterdheid en regs- onkunde as van die vernaamste struikelblokke.

Hoewel die reg op toegang tot houe grondwetlik verskans is, beskik talle Suid-Afrikaners nie oor toegang tot geregtigheid nie. In 'n vraagstukdokument van 2019 wat deur die Suid-Afrikaanse Kommissie vir Regshervorming (SAKRH) opgestel is, het die SAKRH verskeie redes vir die gebrek aan toegang tot geregtigheid uitgelig:

- (a) die politieke en institusionele erflating van apartheid; (b) staatsbesteding wat grootliks op kriminele eerder as siviele geregtigheid gefokus is; (c) 'n regsberoep wat in 'n groot mate ongereguleer was; en (d) verskeie grondreëls van die regstelsel wat teen toegang tot geregtigheid werk.⁵ (Eie vertaling)

Dit is debatteerbaar in welke mate apartheid voorgehou kan word as die primêre rede vir die heersende gebrek aan toegang tot geregtigheid. Dit is wel so dat die gevolge van heelwat apartheidsmatreëls steeds voortduur, maar die huidige ekonomiese stagnasie dra wesenlik tot die gebrek aan toegang tot geregtigheid in Suid-Afrika by. Laasgenoemde ekonomiese stagnasie kan deels toegeskryf word aan faktore soos korrupsie en die plundering van staatsgeld asook ongegronde litigasie deur hooggeplaastes op belastingbetalerkosse.⁶ Solank hierdie kwessies nie behoorlik aangespreek word nie, sal toegang tot geregtigheid buite bereik van die meeste Suid-Afrikaners bly.

Volgens die SAKRH het die meerderheid Suid-Afrikaners weens onbekostigbare regskoste nie toegang tot prokureurs nie, wat toegang tot geregtigheid 'n kommoditeit maak wat slegs deur die bevoorregtes gekoop kan word. Talle Suid-Afrikaners woon in landelike gebiede, wat dit 'n finansiële stryd maak om na 'n prokureurskantoor toe te reis.⁷ Die SAKRH verklaar verder:

Die hoë koste van siviele prosesvoering het 'n direkte invloed op toegang tot geregtigheid en die houe ... Regskoste is buitensporig hoog, wat nie slegs toegang tot regsdienste tot diegene met rykdom beperk nie, maar ook toegang tot regsdienste vir die staat onbekostigbaar maak. Die regsberoep stel grootliks self die regsfooie vas, met min betekenisvolle ingryping deur die staat of verbruikers van regsdienste.⁸ (Eie vertaling)

Dit is duidelik dat toegang tot geregtigheid in Suid-Afrika beduidend deur hoë vlakke van armoede en ongeletterdheid belemmer word.⁹ Ongeveer 55% van die Suid-Afrikaanse volwasse

bevolking¹⁰ leef na raming onder die armoedelyn van R1 335¹¹ per persoon per maand. As 'n mens in ag neem dat die koste van basiese huishoudelike, kos- en gesondheidsitems vir Suid-Afrikaanse huishoudings op R2 194 per maand geskat word,¹² raak dit duidelik dat toegang tot geregtigheid vir 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse bevolking 'n illusie bly. Die prentjie raak nog meer duister wanneer 'n mens ook in ag neem dat daar in 2019 na raming 4,4 miljoen ongeletterde volwassenes¹³ in Suid-Afrika was en dat meer as 12% van mense van 20 jaar oud en ouer nie graad 7 voltooi het nie.¹⁴ Slegs 46,7% van die bevolking van mense 20 jaar en ouer het ten minste graad 12 voltooi.¹⁵

Voorts ervaar Suid-Afrika steeds stygende vlakke van armoede, wat die algemeenste voorkom onder diegene onder die ouderdom van 17, swart Suid-Afrikaners, vroue, mense in landelike gemeenskappe en diegene met min opvoeding.¹⁶ Dit is oor die algemeen die kwesbaarste dele van die Suid-Afrikaanse bevolking. Die buitengewoon hoë vlakke van werkloosheid in Suid-Afrika vererger ongelukkig hierdie droewige situasie. Volgens die Kwartaallike Arbeidsmagopname vir 2021, wat deur die Departement Statistiek van die Republiek van Suid-Afrika uitgegee is, was die amptelike werkloosheidskoers 32,6%. Hierdie koers was 46,3% onder mense tussen die ouderdom van 15 en 34 jaar, wat impliseer dat feitlik een uit elke twee jongmense in die arbeidsmag nie in die eerste kwartaal van 2021 'n werk gehad het nie. Ongeveer 'n kwart (24,4%) van die jeug het werk en 45,3% van hulle neem aan die arbeidsmark deel. Onder die jeug is diegene tussen die ouderdomme van 15 en 24 jaar meer kwesbaar in die arbeidsmark, met 'n werkloosheidskoers van meer as 63%, 'n absorpsiekoers van 7,6% en 'n arbeidsmagdeelnamekoers van 20,6%.¹⁷ Die nieamptelike werkloosheidskoers word baie hoër geskat.¹⁸

Hierdie artikel oorweeg voorts verskeie redes ter verklarings van die heersende gebrek aan toegang tot geregtigheid in Suid-Afrika. Dit sluit onder andere onbekostigbare regsfooie in wat toegang tot geregtigheid belemmer. Daarna word oorweging gegee aan moontlikhede wat nagestreef kan word om die reg op toegang tot geregtigheid te bevorder. Dit sluit byvoorbeeld in hoe grootskaalse kollektiewe litigasie van die groepsgedingmeganisme gebruik kan maak om bestaande siviele prosesregtelike meganismes tot voordeel van hulpbehoewende persone te benut.

2. Hoë regskoste

2.1 Samestelling en regulering van Suid-Afrika se regsberoep

Regsfooie en ander kostes wat met toegang tot die Suid-Afrikaanse siviele regstelsel verband hou, is duur en dikwels onbekostigbaar.¹⁹ Voordat die koste wat met toegang tot geregtigheid in Suid-Afrika verband hou, in oënskyn geneem kan word, moet daar eers kortliks na die samestelling en regulering van Suid-Afrika se regsberoep verwys word.

Die Suid-Afrikaanse Wet op Regspraktyk 28 van 2014 (WRP)²⁰ is daarop gemik om 'n wetgewende raamwerk vir die transformasie en herstrukturering van die Suid-Afrikaanse regsberoep te bied. Die WRP vestig, vir die eerste keer in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, 'n enkele regspraktykraad om die Suid-Afrikaanse regsberoep te reguleer. Die WRP bepaal dat 'n persoon as 'n regspraktisyn mag praktiseer slegs as hy of sy ingevolge die WRP toegelaat is. Artikel 25 van die WRP reël die reg van regspraktisyne en kandidaatregspraktisyne om te

verskyn. Enige persoon wat toegelaat is om as 'n regspraktisyn ingevolge die WRP te praktiseer, het die reg om op enige plek in Suid-Afrika te praktiseer, tensy sy of haar naam van die rol geskrap is of as hy of sy aan 'n bevel onderworpe is wat hom of haar uit die praktyk skors.

Suid-Afrika maak van 'n gesplete regsberoep gebruik – die beroep word in advokate en prokureurs verdeel. 'n Regspraktisyn, hetsy hy of sy as 'n advokaat of as 'n prokureur praktiseer, het die reg om namens enigiemand voor enige Suid-Afrikaanse hof en voor enige bestuur, tribunaal of soortgelyke instelling te verskyn. 'n Prokureur wat voor die Hooggeregshof, die Hoogste Hof van Appèl of die Konstitusionele Hof wil verskyn, moet egter by die griffier van die afdeling van die Hooggeregshof waar hy of sy as 'n prokureur toegelaat en ingeskryf is, aansoek doen om 'n voorgeskrewe sertifikaat te dien effekte dat die aansoeker die reg het om voor die betrokke hof/howe te verskyn.²¹ 'n Kandidaatprokureur kan voor enige hof verskyn, buiten die Hooggeregshof, die Hoogste Hof van Appèl en die Konstitusionele Hof, en voor enige bestuur, tribunaal of soortgelyke instelling. 'n Kandidaatprokureur kan in 'n streekafdeling verskyn slegs indien hy of sy voorheen vir minstens een jaar as advokaat gepraktiseer het of minstens een jaar praktiese beroepsopleiding deurloop het.²²

Daar is tans na raming ongeveer 13 000 regsfirmas in Suid-Afrika. Daar is ongeveer 54 000 beroepslui, waaronder prokureurs, kandidaatprokureurs en advokate. Ongeveer 75% van die 13 000 regsfirmas is klein firmas en saamgestel uit een tot tien persone wat fooie verdien en wat hoofsaaklik by prosesvoering, skuldinvordering en aktebesorging betrokke is.²³ Dit kom neer op 'n verhouding van een praktisyn per ongeveer 1 100 mense in Suid-Afrika. Ongelukkig, soos vervolgens aangedui sal word, en gegewe dat die meeste mense in Suid-Afrika nie prokureurs kan bekostig nie, is daar nie genoeg prokureurs in die land wat bekostigbare regsdienste lewer nie.²⁴

Volgens Klaaren kon 'n kandidaatprokureur in Johannesburg en omgewing wat in die kommersiële sfeer praktiseer, in 2018 meer as R1 100 per uur as 'n standaardtarief hef.²⁵ 'n Professionele assosiaatregspraktisyn met vyf jaar ondervinding kon R2 400 per uur hef. 'n Direkteur of vennoot met 10 jaar ondervinding kon R4 500 per uur hef. 'n Senior direkteur of vennoot met 20 jaar ondervinding kon R6 000 per uur hef. Ander firmas, waaronder die kleiner firmas, het minder gehef, maar hul fooie was steeds beduidend.²⁶

2.2 Regsfooie

Wat die fooie deur advokate gehef aangaan, het 'n verslag oor regsdienste in die openbare belang in Suid-Afrika in 2015 bevind dat 'n eerstejaar-junioradvokaat ongeveer R550 per uur of R5 500 per dag hef. 'n Advokaat met 10 jaar ondervinding hef tussen R1 500 en R2 400 per uur, of tussen R15 000 en R24 000 per dag. Senior advokate hef gewoonlik tussen R25 000 en R35 000 per dag, hoewel hulle by geleentheid tot R60 000 per dag gehef het.²⁷

Ongelukkig is bostaande data oor fooie ietwat verouderd, dus het die outeur onlangs navorsing gedoen oor die fooie wat deesdae tipies deur prokureurs en advokate gehef word.²⁸ Die navorsing het die regsfooie onthul wat deur regspraktisyns met verskillende senioriteitsvlakke by dieselfde firma as prokureursfooie gehef word, asook die onderskeid wat tussen 'n klein regsfirma en 'n groot regsfirma getref is. Die klein firma wat as deel van die navorsing genader is, is geleë in Somerset-Wes in die Wes-Kaap, Suid-Afrika. Die firma het twee vennote – 'n assosiaatprokureur met minder as vyf jaar ondervinding ná toelating, en 'n kandidaatprokureur. Die groot regsfirma is een van Suid-Afrika se grootste regsfirmas, met internasionale kantore.

Die firma het meer as 400 prokureurs en meer as 800 werknemers in diens. Aangesien die klein firma in prosesvoering spesialiseer, is dieselfde departement van die groot firma genader vir 'n aanduiding van die uurlikse tariewe van hulle regspraktisyns.

By die klein firma is die uurlikse tarief van 'n kandidaatprokureur R1 000, terwyl dit by die groot firma R2 000 is. Die uurlikse tarief van die assosiaatprokureur in diens van die klein firma is R1 500, vergeleke met die uurlikse tarief van R3 800 by die groot firma.²⁹ Die uurlikse tarief van 'n vennoot by die klein firma is R1 700, terwyl dit by die groot firma R7 000 is. Interessant genoeg is die uurlikse tarief van die kandidaatprokureur by die groot firma meer as die uurlikse tarief van die vennoot by die klein firma, wat beduidend meer ondervinding ná afstudering as die kandidaatprokureur het.

Voorts was die outeur onlangs betrokke by grootskaalse prosesvoering waartydens die dienste van drie advokate bekom is.³⁰ 'n Junior advokaat met minder as 10 jaar ondervinding, 'n junior advokaat met meer as 10 jaar ondervinding en 'n senior advokaat is vir die prosesvoering gebruik. Die dagtarief van die junior advokaat met minder as 10 jaar ondervinding was R10 000, terwyl dit vir die persoon met meer as 10 jaar ondervinding R20 000 beloop het. Die dagtarief van die senior advokaat was R30 000.

Dit is oënskynlik die geval dat die aanbod vir regsdienste teen die bostaande merkwaardig hoë koste tog net sou bestaan indien daar wel 'n vraag daarna is. Dit is daarom argumenteerbaar dat dit 'n illustrasie van die weselike ongelykheid tussen mense in Suid Afrika is. Dit is egter ook belangrik om in gedagte te hou dat die groot regsfirmas wat fooie van bogenoemde aard hef, gewoonlik korporatiewe kliënte, eerder as individue, diens. Die regsfirmas se hoë koste, en so ook die duur fooie van die advokate wat hul betrek, is binne die bereik van hierdie korporatiewe kliënte, wat beslis nie normaalweg die geval vir die meerderheid Suid-Afrikaners is nie.

Indien meer as 55% van die volwasse Suid-Afrikaanse bevolking na raming onder die armoedelyn van R1 335 per persoon per maand leef, is selfs die dienste van 'n kandidaatprokureur by 'n klein firma, wat R1 000 per uur hef, nie binne die bereik van die meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking nie.

Suid-Afrika beskik ongelukkig nie oor statistiek wat aandui hoeveel persone jaarliks siviele regsadvies benodig nie. Terselfdertyd skiet Suid-Afrika ook ver tekort aan hofstatistiek wat 'n akkurate perspektief van die huidige stand van siviele prosesvoering in die howe bied. 'n Nasionale register wat hofstatistiek bevat en wat deurgaans op datum gehou word, sou vanuit hierdie perspektief geweldig behulpsaam wees. Hierdie statistieke sou in gedagte gehou kon word wanneer dit oorweeg word of daar 'n voldoende aantal regspraktisyns in Suid-Afrika is om in die behoefte vir regshulp te voorsien. Die statistieke is ook relevant om die uitdagings ten opsigte van die lewering van siviele regshulpdienste te voorsien in 'n land waar meer as 90% van die staatsbefondste Regshulp Suid-Afrika (Regshulp SA) se begroting op kriminele aangeleenthede spandeer word. Volgens Regshulp SA het die aanvraag vir siviele regsdienste reeds eksponensieel gegroei.³¹ Daar gaan dus verdere druk op die voorsiening van siviele regsdienste in die afsienbare toekoms aan hulpbehoewende persone geplaas word.

Selfs wanneer individue daartoe in staat is om toegang tot die howe te bekom, is daar die risiko dat hulle vir die koste aanspreeklik sal wees as hul prosesvoering nie suksesvol is nie. In Suid-Afrika is die algemene reël dat die suksesvolle party gewoonlik op koste geregtig is en dat die

onsuksesvolle party vir sodanige koste aanspreeklik is.³² In *Ferreira v Levin NO*³³ bevind die Konstitusionele Hof dat die voorsittende regsbeampte die diskresie voorbehou om koste toe te ken en dat die algemene reël is dat die suksesvolle party op hul koste geregtig is.³⁴

Die Suid-Afrikaanse Reëlsraad vir Geregshowe stel prosesvoeringtariewe vas. Hierdie tariewe skryf die maksimum fooie voor wat onder taksasie verhaalbaar is. Dit skryf ook die ongereguleerde tariewe vir regspraktisyns voor, dit wil sê daardie fooie wat deur regspraktisyns gehef word vir prosesvoerings- en nieprosesvoeringsregsdienste aan lede van die publiek. Die tariewe wat kliënte vir regsdienste betaal, word tussen prokureur en kliënt ooreengekom. Regshulp SA, die primêre verskaffer van staatsgefinansierde regshulp in Suid-Afrika, stel ook sy eie tariewe vir fooie en uitbetalings in kriminele en siviele sake vas, net soos sekere ander instellings wat regsdienste verskaf, soos regshulpklinieke aan universiteite.³⁵

Daar is ook ander koste wat met prosesvoering verband hou. 'n Voorbeeld hiervan volg. 'n Litigant kan sy getuies vra om op die dag van die verhoor by die hof teenwoordig te wees om te getuig.³⁶ Een manier waarop 'n getuie gedwing kan word om hom of haar by 'n siviele verhoor aan te meld, is deur hom of haar as getuie te dagvaar deur middel van 'n subpoena.³⁷ Die subpoena gaan saam met die getuiegeld wat ingevolge artikel 51 *bis* van die Wet op Landdroshowe 32 van 1944 deur die minister van justisie in oorleg met die minister van finansies deur kennisgewing in die *Staatskoerant* voorgeskryf word.³⁸ Die getuiegeld moet betaal word aan 'n getuie in siviele verrigtinge of aan enige persoon wat noodwendig sodanige getuie moet vergesel, weens sy of haar jeug, ouderdom of swakheid.³⁹ Die kennisgewing wat in die *Staatskoerant* gepubliseer word, kan onderskeid tref tussen mense op grond van die afstande wat hulle moet aflê om die hofverrigtinge waarvoor hulle gedagvaar word, by te woon, of volgens hul beroepe of nerings, of tussen verskillende klasse van individue. Die kennisgewing kan sekere beamptes in diens van die staat magtig om in gevalle waar die betaling van getuiegeld volgens die voorgeskrewe tarief onnodige benadeling kan veroorsaak, opdrag te gee vir die betaling van toelaes teen 'n hoër tarief as die voorgeskrewe tarief.⁴⁰ Die hof kan ook beveel dat geen toelaes nie, of slegs 'n gedeelte van die voorgeskrewe toelaes, aan 'n getuie betaal word.⁴¹

Indien enige persoon, nadat hy of sy gesubpoena is om getuienis te lewer of om dokumente wat in die subpoena gestipuleer word, te produseer, sonder 'n behoorlike verskoning versuim om die dokumente te produseer of om regdeur die verhoor aanwesig te wees, kan die hof, nadat dit behoorlik onder eed tevrede gestel is, of deurdadig verklaar dat sodanige persoon behoorlik gedagvaar is en dat sy of haar redelike uitgawes, bereken volgens die tarief wat kragtens artikel 51 *bis* voorgeskryf is, aan hom of haar betaal of aangebied is, hom of haar 'n boete van hoogstens R300 oplê, en indien sodanige boete nie betaal word nie, tronkstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande, ongeag of hy of sy andersins onder die jurisdiksie van die hof val.⁴²

3. Verligting van die kostelas

Artikel 35(3) van die Grondwet lê die beskuldigde persoon se reg op regsverteenvoerding in kriminele sake vas. Dit bepaal dat “(e)lke beskuldigde persoon die reg op 'n billike verhoor (het)” en dat dit *inter alia* die reg insluit op “'n regspraktisyn van eie keuse en om deur daardie regspraktisyn verteenwoordig te word” en “om deur die staat op staatskoste van 'n regspraktisyn

voorsien te word indien dit andersins tot wesenlike onreg sou lei".⁴³ Artikel 35(3)(o) bepaal dat beide aangehoude en gevonniste persone die reg op regsverteenvoordinging op appèl na, of hersiening deur, 'n hoër hof het. Die Grondwet bepaal ook in artikel 28(h) dat elke kind die reg het om in siviele verrigtinge wat die kind raak, deur die staat op staatskoste van 'n regspraktisyn voorsien te word indien wesenlike onreg andersins sou geskied.⁴⁴

Soos genoem, bied artikel 34 van die Grondwet aan almal die reg op toegang tot howe. Daar word geen onderskeid tussen siviele en kriminele sake gemaak nie. Die oorheersing van regshulp in kriminele sake word deur verskeie outeurs gekritiseer omdat dit "nie artikel 34 wyd genoeg vertolk om regsverteenvoordinging in siviele sake in te sluit, ten einde dit met internasionale instrumente te belyn nie"⁴⁵ (eie vertaling).

Die primêre Suid-Afrikaanse bron van voorsiening van regsdienste vir diegene wat nie private regsdienste kan bekostig nie, is regshulp wat deur die staat gefinansier en deur Regshulp SA verskaf word. Regshulp SA is 'n nasionale openbare entiteit wat deur die Wet op Regshulp Suid-Afrika 39 van 2014 ingestel is. Regshulp SA verskaf toegang tot gratis regsdienste aan behoeftige kliënte deur 'n kombinasie van regsentrums en satellietkantore. Die satellietkantore word op kleiner skaal as die regsentrums bedryf.⁴⁶

Volgens Regshulp SA se jaarverslag vir die 2020/2021-boekjaar was daar 297 206 nuwe regshulpsake, waarvan 269 388 (91%) nuwe kriminele sake en 27 818 (9%) nuwe siviele sake was. Regsverteenvoordinging en regsadvies is aan 372 830 behoeftige en kwesbare mense verskaf. Daar was 'n afname van 44% in die aantal nuwe regshulpsake vergeleke met die vorige boekjaar. Daar was 23% minder kriminele sake en 46% minder siviele sake vergeleke met die vorige boekjaar.⁴⁷ Ook in sy jaarverslag sê Regshulp SA:

Soos blyk uit die afname in siviele sake vergeleke met die vorige finansiële jaar, het die (Covid-19-) pandemie 'n nadelige invloed op ons vermoë gehad om behoeftige en kwesbare mense met siviele sake by te staan, veral toe ons kantore toe was en ons nie instapkliënte kon akkommodeer nie.⁴⁸ (Eie vertaling)

Regshulp SA moes ook beduidende begrotingsbesnoeiing tydens bogenoemde tydperk toepas. Regshulp SA se vermoë om toegang tot geregtigheid te voorsien, is dus duidelik in onlangse tye belemmer, hoofsaaklik weens die Covid-pandemie.

Regshulp SA se hoofdienste behels die verskaffing van regshulp in kriminele sake. Regshulp SA sluit samewerkingsooreenkomste met verskillende vennote, soos regshulpklinieke aan universiteite, regdeur Suid-Afrika om regshulp in siviele sake aan behoeftige kliënte te verskaf. Ongelukkig is dit nie genoeg om in die beduidende vraag na gratis regshulp te voorsien nie. Daar word dus aangevoer dat daar 'n morele en 'n regsplig rus op regspraktisyns oor die algemeen om by te dra tot die verbetering van toegang tot geregtigheid vir die armes.⁴⁹ Dit is ook noodsaaklik, aangesien beperkte hulpbronne die verskaffing van regshulp belemmer en die bepaling van die drempel van die middeletoets kan beïnvloed.

Die middeletoets word deur Regshulp SA en verskeie ander regshulpinstellings, waaronder regshulpklinieke aan universiteite, gebruik om vas te stel of iemand vir gratis regshulp kwalifiseer. Om vir gratis regshulp te kwalifiseer, bepaal Regshulp SA dat werkende persone minder as R7 700 per maand ná belasting moet verdien. Waar die individu deel van 'n huishouding is,⁵⁰ moet die totale huishoudelike inkomste minder as R8 400 per maand ná belasting wees.

As die individu 'n huis besit, moet die totale waarde van die huis en alle besittings nie R665 800 oorskry nie, dit moet die persoon se enigste huis wees, en die persoon moet in die betrokke huis woon. As die individu nie 'n huis besit nie, moet die totale waarde van die persoon se besittings nie R141 900 oorskry nie.⁵¹

Soos hier bo genoem, beïnvloed beperkte hulpbronne die bepaling van die drempel van die middeletoets. Gevolglik sluit die besonder lae drempel die talle verdienstelike individue van toegang tot regshulp uit. Volgens Brickhill maak die middeletoets nie voorsiening vir voldoende verteenwoordiging van die werkende armes, die laer middelklas en dele van die landelike bevolking nie.⁵² Hulle word in effek van toegang tot die Suid-Afrikaanse regstelsel uitgesluit.

Daar is ook ander meganismes wat nie deur die staat gefinansier word nie en wat regshulpdienste aan verdienstelike individue verskaf. Hierdie meganismes sluit in *pro bono*-werk deur regspraktisyns en *in forma pauperis*-verrigtinge.⁵³ Hierdie meganismes word vervolgens in ietwat meer besonderhede bespreek.

Voorheen is van 'n regspraktisyn vereis om 24 uur se gratis regshulp per jaar aan behoeftige lede van die Suid-Afrikaanse bevolking wat 'n middeletoets slaag, te verskaf. Ongelukkig is hierdie vereiste geskrap ná die instel van die Regspraktykraad (RPR) kragtens die WRP, wat op 29 Oktober 2018 uitgevaardig is.⁵⁴ Tans is dit onduidelik of regspraktisyns verplig is om *pro bono*-werk te doen en, indien wel, wie verantwoordelik is vir die monitering van *pro bono*-ure en hoe die verpligting afgedwing word. In 'n kommunikasie wat op 12 Maart 2019 deur die direkteur van die RPR uitgereik is, moedig die RPR praktisyns aan om met *pro bono*-werk voort te gaan en dui aan dat die RPR in die toekoms hierdie aspek van die beroep sal reguleer:

Let asseblief daarop dat die Regspraktykraad 'n beleidsbesluit geneem het dat gratis regsdienste (waarna as *pro bono*-dienste verwys word) wat deur regspraktisyns aan behoeftige lede van die publiek verskaf word, gereguleer sal word. Dit is om te verseker dat ons as die regsberoep steeds voortgaan om 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot die voorsiening van toegang tot geregtigheid aan lede van die publiek wat nie regsdienste kan bekostig nie. Sodoende gee ons uitvoering aan een van die doelwitte van die Wet op Regspraktyk (28 van 2014) soos in die voorrede verklaar. Die Raad is van mening dat die verskaffing van gratis regsdienste of *pro bono*-dienste die norm in die beroep moet bly, aangesien daar gesê kan word dat sodanige dienste die maatskaplike gewete van die beroep en regspraktisyns uitdruk en weerspieël. *Praktisyns word dus aangemoedig om steeds gratis regsdienste aan te bied* om toegang tot geregtigheid aan die behoeftige lede van die publiek wat dit andersins nie kan bekostig nie, te verskaf en te bevorder ... *Die Raad is tans besig met die formalisering van die regulasie van pro bono-dienste om aan bogenoemde uitvoer te gee.*⁵⁵ (Eie vertaling en beklemtoning)

Die afwesigheid van 'n statutêr opgelegde minimum aantal ure wat regspraktisyns *pro bono*-werk behoort te doen en die versuim om hierdie aspek van die beroep andersins te reguleer, is kommerwekkend. Selfs as die RPR dit in die toekoms reguleer, is dit te betwyfel of die RPR in staat sal wees om nakoming te monitor, aangesien dit 'n problematiese aspek van die vorige regulatoriese regime was ingevolge waarvan 'n minimum aantal *pro bono*-ure inderdaad verplig was, soos hier bo genoem.⁵⁶

In forma pauperis-verrigtinge kan ingevolge die “Reëls waarby die verrigtinge van die verskillende provinsiale en plaaslike afdelings van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gereël word”

(Eenvormige Hofreëls) ingestel word.⁵⁷ Hierdie meganisme stel die griffier van die Hooggeregshof in staat om behoeftige individue met bates ter waarde van minder as R640 000 vir regshulp na regspraktisyns in privaat praktyk te verwys. Private praktisyns word nie vergoed nie, maar kan hul fooie en uitbetalings teen die gewone tariewe verhaal as koste aan die litigant toegestaan word.⁵⁸

Nog 'n manier waarop toegang tot geregtigheid in Suid-Afrika gefasiliteer word, is deur die Hof vir Klein Eise. Daar is talle howe vir klein eise regdeur Suid-Afrika,⁵⁹ en hierdie howe beslis oor eise van minder as R20 000. Regsverteenwoordiging word nie in die Hof vir Klein Eise toegelaat nie en die eise word deur Klein Eise-kommissarisse beslis. Die Hof vir Klein Eise het 'n wye siviele jurisdiksie.⁶⁰ Natuurlike persone mag iemand vir iets in die Hof vir Klein Eise dagvaar. Regspersone mag egter slegs gedagvaar word (en kan nie verrigtinge instel nie) en die staat mag nie 'n party tot verrigtinge in die Hof vir Klein Eise wees nie.

Verbruikershowe en ander verbruikersbeskermingsmeganismes is ook regdeur Suid-Afrika ingestel kragtens die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008 (WVB). Die WVB maak die indien van verbruikersklages in 'n verskeidenheid forums moontlik.⁶¹ Artikel 4 van die WVB reguleer wie verbruikersklages kan instel en sluit byvoorbeeld “iemand wat as 'n lid van of in belang van 'n groep of klas geaffekteerde persone optree” en “iemand wat in die openbare belang optree” in. Verbruikersgeskille kan in verskeie forums, waaronder die Nasionale Verbruikerstribunaal, die Nasionale Verbruikerskommissie, die toepaslike ombudsman, verbruikershowe en strafhowe, aanhangig gemaak word. Geskille kan ook deur alternatiewe dispuutoplossing besleg word.⁶²

Hou ook in gedagte dat individue die fooie wat deur hul regsverteenwoordigers gehef word, kan betwis. Die RPR kan, kragtens die WRP, 'n komitee aanstel op versoek van enige persoon met die *locus standi* om dit te doen, om die fooie en redelike uitbetalings verskuldig aan 'n regspraktisyn ten opsigte van die uitvoer van hul werk te beoordeel.⁶³ Volgens die RPR, en met die oog daarop om die betrokke regspraktisyn billike en voldoende vergoeding toe te laat vir die dienste deur hom of haar gelewer, sal sodanige komitee alle sodanige fooie en uitbetalings toelaat as wat redelik blyk vir die uitvoer van die betrokke werk en verskillende faktore in ag neem, waaronder “die voorwaardes waarop die mandaat deur die regspraktisyn aanvaar is”, “die hoeveelheid en belangrikheid van die werk gedoen”, en “die ingewikkeldheid van die saak en/of die moeilikheidsgraad of nuutheid van die werk of die vraagstukke geopper” (eie vertaling). Daar is ook talle ander faktore wat in die beoordeling deur die komitee oorweeg sal word.⁶⁴

4. Bemiddeling as 'n poort na toegang tot geregtigheid

Partye tot prosesvoering wat in 'n Suid-Afrikaanse laer of hoër hof ingestel word, kan oor die algemeen instem om die geskil vir private bemiddeling voor te lê. Bemiddelingsreëls, in die vorm van wysigings aan die Landdroshofreëls, is ook deur die Departement van Justisie en Korrektiewe Dienste uitgevaardig. Hierdie reëls verskaf die prosedure vir die vrywillige voorlegging van siviele geskille vir bemiddeling in landdroshowe.⁶⁵ Die bemiddelingsreëls geld vir die vrywillige instemming van partye tot die bemiddeling van geskille vóór die aanvang van prosesvoering en in geskille waar prosesvoering reeds begin het en soos in reëls 78 en 79 beoog.⁶⁶ Reël 75 bepaal dat die partye 'n geskil vóór die aanvang van prosesvoering, of ná die

aanvang van prosesvoering maar voor uitspraak gelewer is, vir bemiddeling kan verwys, op voorwaarde dat waar die saak reeds begin het, die partye die magtiging van die hof moet bekom. 'n Regsbeampte mag op enige tydstip ná die begin van prosesvoering, maar voor uitspraak, navraag doen oor die moontlikheid van die bemiddeling van 'n geskil en aan die partye die geleentheid bied om die geskil vir bemiddeling te verwys.

Die Reëlsraad vir Geregshowe het onlangs 'n nuwe reël by die Eenvormige Hofreëls⁶⁷ gevoeg – reël 41A – wat van partye vereis om met die uitreik van 'n dagvaarding, of 'n aansoek, of die indien van 'n pleit of 'n beëdigde verklaring, kennis te gee en aan te dui of hulle bemiddeling as moontlikheid aanvaar. Die partye moet ook redes verskaf vir hul siening oor of die geskil bemiddel kan word of nie. Hierdie outeur se grootste kwelling oor die inwerkingstelling van die voorgenome reël 41A hou verband met subreël (9), wat bepaal dat “(a)s 'n kostebevel vir die aksie of aansoek oorweeg word, die hof die (bogenoemde) kennisgewings in ag kan neem ...” (eie vertaling). Dit kan dus stellig vertolk word as sou dit voorsiening maak vir moontlike aanspreeklikheid vir koste deur 'n party wat bemiddeling weier. Verder kan die vooruitsigte van moontlike aanspreeklikheid vir bemiddelingskoste deur 'n party 'n uitsluitende effek hê op diegene wat dit reeds moeilik vind om toegang tot die Suid-Afrikaanse hoëhofstelsel te verkry. Volgens Bamford en Rankin het talle litigante slegs voldoende fondse om een metode van geskilbeslegting te volg en kan ernstige ongeregtigheid voorkom waar 'n party in sodanige gevalle tot bemiddeling verplig word.⁶⁸ Hoewel die voorgenome reël 41A nie bemiddeling verplig nie, maak die moontlike aanspreeklikheid van 'n party vir die koste van bemiddeling of 'n bevel vir die koste van die teenparty waar die betrokke party bemiddeling weier, die bepaling half verpligtend. Om dit anders te stel, die voorgenome reël 41A het die effek dat dit bemiddeling indirek verplig.⁶⁹

5. Finansiering van prosesvoering as 'n middel om toegang te fasiliteer

Soos genoem, is dit moontlik om regsadvies en -hulp in siviele sake deur regshulpinstellings en *pro bono*-instellings te bekom. Hierdie instellings en organisasies funksioneer gewoonlik egter binne 'n omgewing met erg beperkte hulpbronne. Dit is ook moontlik om siviele prosesvoering te finansier deur die sluit van gebeurlikheidsgeldooreenkomste⁷⁰ of deur derdeparty-finansiering.

Die Wet op Gebeurlikheidsfooie 66 van 1997 bepaal dat prokureurs ooreenkomste met kliënte mag sluit ingevolge waarvan die prokureur nie op enige fooie vir dienste gelewer geregtig is nie, tensy die kliënt in die mate wat in die ooreenkoms uiteengesit word, suksesvol is. Kragtens 'n gebeurlikheidsgeldooreenkoms is prokureurs geregtig op fooie gelyk aan of hoër as hul gewone fooie, soos in die ooreenkoms uiteengesit, maar sodanige “suksesfooie” mag nie die normale fooie met meer as 100% oorskry nie, en in die geval van eise in klinkende munt mag dit nie die totale bedrag toegeken, koste uitgesluit, met meer as 25% oorskry nie.⁷¹

“Champerty”-ooreenkomste was voorheen ingevolge die Suid-Afrikaanse reg verbode, met die uitsondering van finansiering wat te goeder trou verskaf is om “finansiële bystand te verleen aan 'n arm eiser en hom sodoende te help om iemand te vervolg in ruil vir 'n redelike vergoeding of belang by die geding”, wat wel toelaatbaar was⁷² (eie vertaling). Derdeparty-ooreenkomste raak egter al meer aanvaarbaar.⁷³ In *Price Waterhouse Coopers Inc v National*

*Potato Co-Operative Ltd*⁷⁴ bevestig die hof dat sodanige ooreenkomste nie strydig met openbare beleid is nie:

Na my mening is die handhawing van ooreenkomste tussen 'n litigant en 'n derde party wat die prosesvoering vir beloning finansier, ook konsekwent met die grondwetlike waardes wat vryheid van kontraktering beklemtoon ... Gevolglik moet daar bevind word dat 'n ooreenkoms ingevolge waarvan iemand wat nie deel het aan 'n regsding nie, fondse voorskiet aan 'n litigant op voorwaarde dat die vergoeding as die prosesvoering die saak sou wen, 'n deel van die opbrengs van die ding sal wees, nie strydig met openbare beleid is nie.⁷⁵ (Eie vertaling)

In *Gold Fields Limited v Motley Rice LLC, In re: Nkala v Harmony Gold Mining Company Limited*⁷⁶ bevind adjunk-regter-president Mojapelo dat die positiewe impak van finansierings-ooreenkomste vir prosesvoering, wat niemand kan ontken nie, is dat sodanige ooreenkomste toegang tot geregtigheid bevorder. Die belangrikheid word nog meer verhoog as die gefinansierde litigant iemand is wat weens armoede of 'n gebrek aan hulpbronne nie andersins sou kon litigeer nie. Nogtans is daar steeds spanning tussen derdepartyfinansieringsooreenkomste wat toegang tot geregtigheid bevorder en ooreenkomste wat nie hierdie doel dien nie en slegs daarop gemik is om die finansierder te verryk, wat dalk geen werklike belang by die prosesvoering het nie.⁷⁷

6. Groepsdinge

Groepsdinge word ook toenemend gebruik as 'n meganisme vir die bevordering van toegang tot geregtigheid in Suid-Afrika.⁷⁸ Groepsdinge word nie in Suid-Afrika deur wetgewing of in die hofreëls gereguleer nie. Dit het die howe gedwing om 'n prosedurele raamwerk te ontwikkel waarbinne die groepsdingmeganisme kan funksioneer. Dit is egter nie verkieslik dat die howe 'n *ad hoc*-benadering volg om prosedurele probleme op 'n geval-tot-geval-wyse aan te spreek nie. 'n Lukrake benadering tot die ontwikkeling van die groepsdingmeganisme kan byvoorbeeld inkonsekwente benaderings deur die verskeie afdelings van die Suid-Afrikaanse Hooggeregshof tot gevolg hê.⁷⁹

Die groepsdingmeganisme is veral nuttig met betrekking tot die verhaal van eise wat individueel nie haalbaar sou wees nie.⁸⁰ Veral in die Suid-Afrikaanse konteks, met sy hoë vlakke van werkloosheid, ongeletterdheid en armoede, soos vroeër hierin aangedui, kan die bestaan van sosiale, sielkundige en finansiële hindernisse beteken dat individuele lede nie hul eise onafhanklik sou afdwing as dit nie vir die groepsding was nie. In die lig van die buite verhouding groot impak wat COVID-19 op die armste gedeelte van die bevolking gehad het, en as in ag geneem word dat Suid-Afrikaanse groepsdinge tot op hede meestal gebruik is om oor werknemervoordele en eise op grond van grondwetlike regte te litigeer,⁸¹ sal groepsdinge waarskynlik al hoe meer as 'n geskikte meganisme vir die gelyktydige aanpak van massa-onregte oorweeg word. Aangesien die beweegrede wat die inkorporering van die groepsdingmeganisme in Suid-Afrikaanse wetgewing ondersteun, toegang tot geregtigheid is,⁸² en in die lig van die beperking van die reg op toegang tot die howe as gevolg van Covid, sou dit dus verstandig wees om die groepsding aan te wend om regte op 'n groter skaal te handhaaf, eerder as om net agteroor te sit en te verwag dat geografies verspreide klaslede die howe individueel *en masse* sal nader.⁸³

Suid-Afrika se huidige sosio-ekonomiese omstandighede en die vooruitsigte in hierdie verband is droef. In 2021 is byvoorbeeld o.a. die volgende aangeteken:⁸⁴ Tussen 800 000 en 1 300 000 werksgeleenthede sal na raming deur die Covid-krisis geraak word. In 'n sosio-ekonomiese impakassessering wat deur die Verenigde Nasies se ontwikkelingsprogram uitgegee is, en wat die impak van COVID-19 in Suid-Afrika in beskouing neem, is *inter alia* aangeteken dat:

- Suid-Afrika se ekonomiese groei (bruto binnelandse produk of BBP) met tussen 5,1% en 7,9% sal afneem
- inkomste-ongelykheid sal toeneem weens die pandemie en dat dit die reeds groot inkomsteverskille in Suid-Afrika sal vererger
- vroue, in die besonder die armste huishoudings met vroue aan die hoof daarvan, buite verhouding deur Covid-nagevolge geraak sal word
- armer huishoudings meer negatief deur die COVID-19-pandemie beïnvloed word; dat ongelikheid, soos deur die Gini-koëffisiëntindeks gemeet, met tussen 0,16 en 0,23 sal toeneem
- die aantal mense wat in armoede en uiterste armoede lewe, weens die pandemie sal toeneem
- gemiddelde huishoudelike inkomste sal daal
- armoedevlakke in 2020 met tussen 0,45% en 0,66% sal styg
- 34% van huishoudings waarskynlik uit die middelklas na kwesbaarheid sal verskuif.⁸⁵

Soos reeds genoem is: In die lig van die buite verhouding groot impak wat COVID-19 op die armste gedeelte van die bevolking gehad het en as in ag geneem word dat Suid-Afrikaanse groepsgedinge tot op hede meestal gebruik is om oor werknemervoordele en eise op grond van grondwetlike regte te litigeer (in teenstelling met byvoorbeeld aandeelhouerlitigasie),⁸⁶ is 'n optimaal funksionerende Suid-Afrikaanse kollektiewe-verhaal-meganisme wat grootskaalse toegang tot geregtigheid moontlik maak, noodsaaklik. Groepsgedinge sal waarskynlik al hoe meer as 'n geskikte meganisme vir die gelyktydige aanpak van massa-onregte aangewend word; die beskikbare data dui daarop.⁸⁷ Dit is gepas dat die groepsgeding toenemend aangewend word om regte op 'n groter skaal te handhaaf eerder as om net agteroor te sit en te verwag dat geografies verspreide klaslede – en gewoonlik met te min hulpbronne – die howe individueel *en masse* sal nader.⁸⁸ Buiten dat dit toegang tot geregtigheid fasiliteer, dien die toenemende aanwending van groepsgedinge ook om geregtelike ekonomie te fasiliteer, deurdat veelvuldige gedinge vermy word.⁸⁹

Volgens appèlregter Cameron in *Permanent Secretary, Department of Welfare, Eastern Cape v Ngxuza*⁹⁰ bemoelilik grootskaalse armoede en tegniese aspekte van voeging ingevolge die hofreëls die bereiking van geregtigheid.⁹¹ Hy heg beduidende waarde aan toegang tot geregtigheid as 'n oorweging in die besluit oor die toepaslikheid van 'n groepsgeding teenoor voeging. Hy voer aan dat die behoeftes van die soorte individue na wie hier bo verwys word wat die meeste aan beskermende en selfversekerde wapenrusting ontbreek, ons begrip van die bepaling van die Grondwet moet onderlê, en dat dit teen die agtergrond van hul grondwetlike regte is dat die bepaling oor groepsgedinge in die Handves van Regte vertolk moet word.⁹² Regter Cameron beklemtoon dat hoewel daar geen wetgewende raamwerk is wat groepsgedinge in Suid-Afrika reguleer nie, artikel 39(2) van die Grondwet die howe gelas om die gees, bedoeling en oogmerke van die Handves van Regte in die ontwikkeling van die gemene reg te

bevorder, aangesien artikel 173 die inherente mag om die gemene reg te ontwikkel, met die belange van geregtigheid in ag geneem, aan hierdie howe verleen.⁹³ Alhoewel ontwikkeling deur howe prysenswaardig is, is dit egter net 'n tussentydse oplossing, omdat die invoer van regsreëls verkieslik sou wees. Daar is trouens, soos die geval ook is met betrekking tot die groepsgedingmeganisme, 'n Suid-Afrikaanse Regskommissie-verslag hieroor wat nie verder gevoer is nie.

In *Pretorius v Transnet Second Defined Benefit Fund* (“*Pretorius*”)⁹⁴ verwys regter Makgoba na *Ngxuzo* en bevestig die bevinding van die Hoogste Hof van Appèl dat die howe deur artikel 39(1)(a) van die Grondwet gelas word om die Handves van Regte sodanig te vertolk dat “die waardes wat 'n oop en demokratiese samelewing gegrond op menswaardigheid, gelykheid en vryheid onderlê, bevorder word” en, ingevolge subartikel (2), om die gemene reg sodanig te ontwikkel dat “die gees, bedoeling en oogmerke van die Handves van Regte bevorder word”⁹⁵ (eie vertaling). Met verwysing na artikels 39(2) en 173 van die Grondwet beslis regter Makgoba dat die bepaling rakende 'n groepsgeding “ruim en omvattend, konsekwent met die mandaat wat aan die howe verleen is om die Grondwet te handhaaf” vertolk moet word “om sodoende te verseker dat die regte in die Grondwet die volle beskerming waarop dit geregtig is, geniet”⁹⁶ (eie vertaling). Ten opsigte van die toepaslikheid van groepsgedinge beslis hy soos volg:

Die situasie in die huidige saak lyk pasgemaak vir 'n groepsgeding. Die klas wat in hierdie saak deur die aansoekers verteenwoordig word, kom uit die heel armstes in ons samelewing (ou pensioentrekkers), diegene wat statutêre maatskaplike bystand benodig. Hulle het ook die minste kans om hul regte deur die gewone regsproses te laat handhaaf. As individue is hulle nie in staat om regsoprede te finansier nie, gegewe hul karige inkomste in die vorm van pensioengeld. Wat hulle gemeen het, is dat hulle slagoffers is van amptelike oormaat, burokratiese wanvoorigting en wat hulle as onregmatige administratiewe metodes ervaar.⁹⁷ (Eie vertaling)

Die hoofoorweging wat deur regter Makgoba in ag geneem is in die besluit of 'n groepsgeding die mees toepaslike manier is om die eise van die klaslede te bereg, was toegang tot geregtigheid. Hy het spesifiek die vermoë van individuele klaslede om regsverhaal deur voeging te soek en of hulle deur voeging in staat sal wees om hulle regte te handhaaf, in ag geneem.⁹⁸

7. Toegang tot howe en COVID-19

Die uitdagings waarmee Suid-Afrika se hofstelsel voor die koms van COVID-19 gekonfronteer is, is deeglik geboekstaaf.⁹⁹ Die huidige Suid-Afrikaanse toestande bied voorts ook 'n broeines vir litigasiegroei. Die dreigende gevaar is dat 'n toename in Covid-verwante prosesvoering steeds individue se reg op toegang tot howe nadelig sal beïnvloed. 'n Toenemend oorlaaide hofrol sal die regbank se vermoë om geskille doeltreffend en doelmatig te besleg, belemmer.¹⁰⁰

Talle praktykdirektiewe is kragtens die landwye inperkings uitgevaardig, wat toegang tot howe beperk het.¹⁰¹ Gevolglik is die grondwetlike reg op toegang tot howe uiters beperk. Dit beteken dat toegang tot geregtigheid vir 'n groot deel van Suid-Afrika se bevolking ontoeganklik is.¹⁰²

Die Hoogste Hof van Appèl het sy bereidwilligheid om tegnologie te gebruik om toegang tot die hof te bied, gedemonstreer. In hierdie verband bepaal 'n praktykdirektief:

Virtuele verhoore is die verstekposisie tot en met verdere opdrag. Die hoofdoel is om voortgesette toegang tot geregtigheid vir alle partye tot sake voor die hof en beskerming teen besmetting te verseker, terwyl verhoore gefasiliteer word wat partye toelaat om so volledig as moontlik deel te neem.¹⁰³ (Eie vertaling)

Die regbank staar die vooruitsig van 'n steeds groter wordende werksklas in die gesig en ingrypings soos hierdie is nodig om die doeltreffendheid en doelmatigheid van die regbank te bevorder, om hofprestasie te verbeter en om toegang tot howe te verhoog. Ongelukkig het die laer howe – die hoeksteen van die verskaffing van toegang tot geregtigheid vir die armes en die gemarginaliseerde dele van die Suid-Afrikaanse samelewing – nie tegnologie aangegryp om die verskaffing van toegang tot geregtigheid te fasiliteer nie.

8. Gevolgtrekking

Almal beskik ingevolge die Grondwet oor die reg op toegang tot geregtigheid. Dit bly egter 'n ontoeganklike ideaal vir talle. Daar is verskeie redes hier bo aangevoer ter verduideliking van die heersende gebrek aan toegang tot geregtigheid in Suid-Afrika. Dit sluit onder andere onbekostigbare regsfooie in, wat toegang tot geregtigheid belemmer. Die Covid-pandemie het die situasie aansienlik vererger. Daar is egter moontlikhede wat nagestreef kan word om die reg op toegang tot geregtigheid te bevorder. Grootskaalse kollektiewe litigasie deur van die groepsgedingmeganisme gebruik te maak dien as voorbeeld van 'n manier waarop bestaande siviele prosesregtelike meganismes tot die voordeel van hulpbehoewende persone benut kan word. Bemiddeling en finansiering van prosesvoering sou ook moontlik toenemend benut kan word ter bevordering van die reg op toegang tot geregtigheid.

Bibliografie

- Bamford, D. en M.J. Rankin. 2017. *Principles of civil litigation*. Adelaide: Thomson Reuters.
- Bhengu, C. 2021. The national minimum wage is set to increase in March – here's what it can get you. *Times Live*. <https://www.timeslive.co.za/news/south-africa/2021-02-10-explained-the-national-minimum-wage-is-set-to-increase-in-march-heres-what-it-can-get-you> (15 November 2022 geraadpleeg).
- Bohlmann J., H. Maisonnave, M. Chitiga-Mabugu, M. Henseler en R.E. Mabugu. 2021. Covid-19 has hurt some more than others: South Africa needs policies that reflect this. *The Conversation*, 28 January 2021. <https://theconversation.com/covid-19-has-hurt-some-more-than-others-south-africa-needs-policies-that-reflect-this-151923> (15 November 2022 geraadpleeg).
- Brickhill, J. 2005. The right to a fair civil trial: The duties of lawyers and law students to act pro bono. *South African Journal on Human Rights*, 21(2):293–322.

- Broodryk, T. s.j. COVID-19, the courts and access to justice. *Juta Covid-19: Talking Points*, Issue 9. <https://blog.juta.co.za/covid-19-the-courts-and-access-to-justice-issue-9> (17 November 2022 geraadpleeg).
- . 2019. The South African class action vs group action as an appropriate procedural device. *Stellenbosch Law Review*, 1:7–8.
- . 2020. An empirical analysis of class actions in South Africa. *Law, Democracy and Development*, 24:54–85.
- Broodryk, T. en W. de Vos. 2019a. Fundamental procedural rights of civil litigants in Australia and South Africa: Is there cause for concern? (Deel 1). *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 3:425–49.
- . 2019b. Fundamental procedural rights of civil litigants in Australia and South Africa: Is there cause for concern? (Deel 2). *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 4:627–35.
- Budlender, G. 2004. Access to courts. *South African Law Journal*, 121(2):339–41.
- Dlepu, K. 2019. Important message to members: Pro bono services – message from the desk of the chairperson. Midrand: Regspraktykraad. <https://lpc.org.za/important-notice-to-members-pro-bono> (14 November 2022 geraadpleeg).
- Dugard, J. 2008. Courts and the poor in South Africa: A critique of systemic judicial failures to advance transformative justice. *South African Journal on Human Rights*, 24(2):214–38.
- Du Plessis, M., J. Oxenham, I. Goodman, L. Kelly en S. Pudifin-Jones (reds.). 2017. *Class action litigation in South Africa*. Kaapstad: Juta.
- Erasmus, H.J. 1999. Civil procedural reform – modern trends. *Stellenbosch Law Review*, 10:3–20.
- Gouvea, R., S. Li en G. Vora. 2019. Corruption and levels of economic development: A cross-country assessment with special reference to Africa. *Modern Economy*, 10:2063–84.
- Greenbaum, L. 2020. Access to justice for all: A reality or unfulfilled expectations? *De Jure*, 53(1):248–64.
- HSRC (Human Sciences Research Council). 2015. Assessment of the impact of decisions of the Constitutional Court and Supreme Court of Appeal on the transformation of society: Final report. November, 159.
- Khuluvhe, M. 2021. Fact sheet: Adult illiteracy in South Africa. [https://www.dhet.gov.za/Planning Monitoring and Evaluation Coordination/Fact Sheet on Adult Illiteracy in South Africa - March 2021.pdf](https://www.dhet.gov.za/Planning%20Monitoring%20and%20Evaluation%20Coordination/Fact%20Sheet%20on%20Adult%20Illiteracy%20in%20South%20Africa%20-%20March%202021.pdf) (12 November 2022 geraadpleeg).
- Klaaren, J. 2019. What does justice cost in South Africa? A research method towards affordable legal services. *South African Journal on Human Rights*, 35(3):274–87.

Legal Aid South Africa. 2021. Integrated Annual Report 2020–2021: Realising constitutional rights to ensure a just society for all. Johannesburg: Legal Aid South Africa. <https://legal-aid.co.za/annual-reports> (15 November 2022 geraadpleeg).

Maggs, J. 2021. Small increase in black legal professionals but lack of BEE credentials a worry among smaller law firms – LexisNexis SA and LSSA Legal Tech Report. *De Rebus*, October, 6–7. <https://www.derebus.org.za/small-increase-in-black-legal-professionals-but-lack-of-bee-credentials-a-worry-among-smaller-law-firms-lexisnexis-sa-and-lssa-legal-tech-report-2021> (13 November 2022 geraadpleeg).

Maya, M.M. 2020. Practice direction: Supreme Court of Appeal video or audio hearings during Covid-19 pandemic. https://www.judiciary.org.za/images/Directives/Directives_-_April_2020/Supreme_Court_of_Appeal/Practice_Direction_-_Supreme_Court_of_Appeal_Video_or_Audio_Hearings_During_COVID-19_Pandemic.pdf (15 November 2022 geraadpleeg).

McQuoid-Mason, D. 2013. Access to justice in South Africa: Are there enough lawyers? *Oñati Socio-legal Series*, 3(3):561–75.

Nyenti, M. 2013. Access to justice in the South African social security system: Towards a conceptual approach. *De Jure*, 4:90–4.

Pudifin-Jones, S. 2017. Funding and costs in class actions. In Du Plessis, Oxenham, Goodman, Kelly en Pudifin-Jones (reds.) 2017.

Regspraktykraad. s.j. Memorandum: Professional fees, tariffs and allowances. <https://drive.google.com/file/d/1nH7DiqLYBYBd653PyA3ejDQvLEhL2TQI/edit> (12 November 2022 geraadpleeg).

SAKRH (Suid-Afrikaanse Kommissie vir Regshervorming). 1995. *The recognition of a class action in South African law. Working Paper 57*. Projek 88. Pretoria: South African Law Reform Commission.

—. 1998. *The recognition of class actions and public interest actions in South African law report*. Projek 88. Pretoria: South African Law Reform Commission.

—. 2019. *Investigation into legal fees*. Projek 142, Vraagstukdokument 36. Pretoria: South African Law Reform Commission.

Statistieke Suid-Afrika. 2019. General household survey. <http://www.statssa.gov.za/publications/P0318/P03182019.pdf> (15 November 2022 geraadpleeg).

—. 2020. National poverty lines. <http://www.statssa.gov.za/publications/P03101/P031012020.pdf> (15 November 2022 geraadpleeg).

—. 2021a. National poverty lines. <http://www.statssa.gov.za/publications/P03101/P031012021.pdf> (14 November 2022 geraadpleeg).

—. 2021b. Quarterly labour force survey, first quarter 2021. www.statssa.gov.za/publications/P0211/P02111stQuarter2021.pdf (15 November 2022 geraadpleeg).

United Nations in South Africa. 2020. COVID-19 in South Africa: Socio-economic impact assessment. UNDP 2020. https://www.za.undp.org/content/south_africa/en/home/library/socio-economic-impact-of-covid-19-on-south-africa.html (16 November 2022 geraadpleeg).

Van Loggerenberg, D. 2016. Civil justice in South Africa. *BRICS Law Journal*, 3(4):125–47.

Vawda, Y.A. 2005. Access to justice: From legal representation to promotion of equality and social justice – addressing the legal isolation of the poor. *Obiter*, 26(2):234–47.

Watson, G.D. 2001. Class actions: The Canadian experience. *Duke Journal of Comparative and International Law*, 11:269–87.

World Bank Group. 2020. *Poverty and equity brief South Africa*. Washington, DC: World Bank Publications. https://databankfiles.worldbank.org/public/ddpext_download/poverty/33EF03BB-9722-4AE2-ABC7-AA2972D68AFE/Global_POVEQ_ZAF.pdf (12 November 2022 geraadpleeg).

World Justice Project. 2018. *General population poll: Survey module on legal needs and access to justice*. Washington, DC: World Justice Project.

Eindnotas

¹ 2011 2 SA 26 (KH).

² Par. 1.

³ 2013 10 BCLR 1135 (KH).

⁴ 1997 1 SA 124 (KH).

⁵ SAKRH (2019:2).

⁶ Gouvea, Li en Vora (2019:2063–84).

⁷ SAKRH (2019:1). Ongelukkig duur sodanige ongelykhede steeds voort in Suid-Afrika. Een van Suid-Afrika se voorste senior advokate, Geoff Budlender, verduidelik wat nodig is om betekenis te gee aan die grondwetlike reg op toegang tot houe, en dat dit verder strek as die voorsiening van bekostigbare regsverteenvoering: “Toegang tot die hof beteken dus meer as die wetlike reg om ’n saak voor die hof te bring. Dit sluit die vermoë in om dit te vermag. Om sy of haar saak voor ’n hof te kan bring, moet ’n voornemende litigant kennis hê van die toepaslike wet; in staat wees om te identifiseer dat hy of sy dalk verhaal van ’n hof kan bekom; ’n mate van kennis hê oor wat om te doen om sukses te behaal; en oor die nodige vaardighede beskik om die saak aan te voor en dit aan die hof voor te lê. In Suid-Afrika lei die heersende vlakke van armoede en ongeletterdheid daartoe dat baie mense eenvoudig nie

in staat is om hulle probleme doeltreffend voor die howe te bring nie” (Budlender 2004:341; eie vertaling).

⁸ SAKRH (2019:4).

⁹ Volgens die Wêreldgeregtighedsprojek se *General population poll: Survey module on legal needs and access to justice* (World Justice Project 2018), ervaar 50% van respondente ’n regsprobleem, waarvan 37% hulp kon bekom en 62% geweet het waar om raad en inligting te kry. Die data is ingesamel deur Quest Research Services d.m.v. ’n nasionaal verteenwoordigende waarskynlikheidsteekproef van 1 014 respondente in Suid-Afrika.

¹⁰ Sien die Wêreldbankgroep se “Poverty and equity brief” vir Suid-Afrika in 2020 (World Bank Group 2020).

¹¹ Statistieke Suid-Afrika (2021a).

¹² Bhengu (2021). Hierdie koste bly konsekwent, ongeag die inkomste wat die debiteur ontvang.

¹³ Uit die totale geskatte bevolking van ongeveer 58,5 miljoen individue (d.w.s. die volwasse bevolking ingesluit) op daardie tydstip. Die Suid-Afrikaanse bevolking word tans op 60 miljoen geskat. Sien <https://www.macrotrends.net/countries/ZAF/south-africa/population-growth-rate>.

¹⁴ Khuluvhe (2021).

¹⁵ Statistieke Suid-Afrika (2019:21).

¹⁶ Greenbaum (2020:250).

¹⁷ Statistieke Suid-Afrika (2021b).

¹⁸ Sien <https://www.reuters.com/article/safrika-economy-unemployment-idUSJ8N2KH000>: Volgens ’n uitgebreide definisie van werkloosheid, wat diegene insluit wat ontmoedig word om werk te soek, was 44,4% van die werksmag in die tweede kwartaal werkloos, vergeleke met 43,2% in die eerste kwartaal.

¹⁹ SAKRH (2019:1). Sien ook HSRC (2015:159).

²⁰ GN 740 in GG 38022 van 22 September 2014.

²¹ McQuoid-Mason (2013:561–7).

²² Art. 25(5).

²³ Maggs (2021:6–7).

²⁴ McQuoid-Mason (2013:561–7). In 2013 is daar geraam dat meer as 30% van die bevolking, of ongeveer 15 miljoen mense, die dienste van prokureurs kon bekostig. Dit is onwaarskynlik dat hierdie situasie sedertdien enigsins verbeter het.

²⁵ Sluit BTW en afslag uit.

²⁶ Klaaren (2019:283). Sien SAKRH (2019:15).

²⁷ SAKRH (2019:16)

²⁸ Die navorsing toon die posisie soos in Oktober 2021.

²⁹ Wat ook minder as vyf jaar ondervinding ná toelating het.

³⁰ Hierdie fooie is tydens 2021 gehef.

³¹ Legal Aid South Africa (2021).

³² Sien bv. *Sackville West v Nourse* 1925 AD 516; *Pretoria Garrison Institutes v Danish Variety Products (Pty) Ltd* 1948 1 SA 839 (A).

³³ 1996 1 SA 984 (KH).

³⁴ Sien bv. weer *Sackville West* en *Pretoria Garrison Institutes*.

³⁵ SAKRH (2019:2–3).

³⁶ Art. 8 van die Wet op Bewysleer in Siviele Sake 25 van 1965.

³⁷ Art. 51(1) saamgelees met reël 26(1).

³⁸ Die huidige tarief word bevat in GN R2597 van 1 November 1991.

³⁹ Art. 51 *bis* (1).

⁴⁰ Art. 51 *bis* (2).

⁴¹ Art. 51 *bis* (3).

⁴² Art. 51(2)(a).

⁴³ Greenbaum (2020:251).

⁴⁴ Art. 28(h) van die Grondwet.

⁴⁵ Budlender (2004:339); Brickhill (2005:293); Vawda (2005:234); Dugard (2008:216).

⁴⁶ McQuoid-Mason (2013:568).

⁴⁷ Legal Aid South Africa (2021).

⁴⁸ *Ibid.*

⁴⁹ Greenbaum (2020:205, 252, 264).

⁵⁰ Regshulp SA omskryf “huishouding” as volg: “vir meer as vier nagte per week saam met ander mense woon en hierdie ander mense deel die koste van voedsel en ander kostes”. Sien <https://legal-aid.co.za/how-it-works>.

⁵¹ Regshulp SA voorsien nie regshulp aan nieburgers in siviele sake nie. Sien <https://legal-aid.co.za/how-it-works>. Daar moet ook genoem word dat hoewel Regshulp SA gratis regsdienste aan behoeftiges verskaf, as die prosesvoering suksesvol is en koste in die guns van die kliënt beslis word, hulle eers hul koste sal verhaal voordat die oorblywende geld aan die kliënt betaal word.

⁵² Brickhill (2005:293).

⁵³ McQuoid-Mason (2013:568).

⁵⁴ Staatskoerant 42003 van 2018-10-29, Commencement of Certain Sections of the Legal Practice Act, 2014, gee uitvoering aan hoofstuk 2 van die Wet op Regspraktyk 28 van 2014.

⁵⁵ Dlepu (2019).

⁵⁶ Die Hooggeregshof van Suid-Afrika het onlangs die RPR tereggewys omdat die Raad agt jaar geneem het om ’n prokureur “wat skuldig was aan ernstige oortredings van die beroepsreëls oor ’n tydperk van 29 jaar” van die rol te skrap. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-11-08-high-court-warns-legal-practice-council-to-get-its-house-in-order-over-delinquent-attorney-saga> (21-12-2022).

⁵⁷ GNR 48 van 12 Januarie 1965: Eenvormighedsreëls vir Howe: Reëls waarby die verrigtings van die verskillende provinsiale en plaaslike afdelings van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gereël word (Staatskoerant Nr. 999).

⁵⁸ McQuoid-Mason (2013:568).

⁵⁹ Wet op Howe vir Klein Eise, 1984.

⁶⁰ McQuoid-Mason (2013:574).

⁶¹ Art. 4 van die WVB.

⁶² Art. 69 van die WVB. McQuoid-Mason (2013:574).

⁶³ Regspraktykraad (s.j).

⁶⁴ Die Getrouheidswaarborgfonds vir Regspraktisyns word deur die Wet op Regspraktyk verplig om die publiek teen verlies as gevolg van die diefstal van trustfondse deur

regspraktisyns te beskerm. Die beskerming wat deur die fonds gebied word, moedig die publiek aan om met vertroue van die dienste wat deur regspraktisyns gelewer word, gebruik te maak. Sien <http://www.fidfund.co.za/framework>.

⁶⁵ Reël 72.

⁶⁶ Reël 74.

⁶⁷ GNR48 van 12 Januarie 1965: Eenvormigheidsreëls vir Howe: Reëls waarby die verrigtings van die verskillende provinsiale en plaaslike afdelings van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gereël word (Staatskoerant Nr. 999).

⁶⁸ Bamford en Rankin (2017:227).

⁶⁹ Broodryk en De Vos (2019b:627–35).

⁷⁰ Die Wet op Gebeurlikheidsgeld 66 van 1997 reguleer gebeurlikheidsgeldooreenkomste wat regdeur Suid-Afrika t.o.v. siviele prosesvoering aangegaan word.

⁷¹ SAKRH (2019:7); McQuoid-Mason (2013:575).

⁷² *Thomas Hugo & Fred J Möller NO v The Tvl Loan, Finance and Mortgage Co* (1894) 1 OR 336, 340.

⁷³ Sien Pudifin-Jones (2017:121).

⁷⁴ 2004 (6) SA 66 (SCA).

⁷⁵ Par. 46.

⁷⁶ 2015 4 SA 299 (GJ) par. 55.

⁷⁷ Sien *Price Waterhouse Coopers Inc v National Potato Co-operative Ltd* 2015 2 All SA 403 (HHA) par. 12.

⁷⁸ AKRH (1998 par. 1.3–1.4). Sien ook SAKRH (1995 par. 5.28), waar daar verklaar word: “Die hele doel van groepsgedinge is om toegang tot geregtigheid vir Jan Alleman te fasiliteer” (eie vertaling). Sien ook *Permanent Secretary, Department of Welfare, Eastern Cape v Ngxuza* 2001 4 SA 1184 (HHA) par. 1 waar Cameron AR verklaar: “Die reg is ’n skaars hulpbron in Suid-Afrika. Hierdie saak toon dat geregtigheid selfs moeiliker bekombaar is. Dit raak die maniere waarop die armstes in ons land toegelaat word om toegang tot albei te verkry” (eie vertaling). In *Mukaddam v Pioneer Foods (Pty) Ltd* 2013 2 SA 254 (HHA) par. 11 word verklaar: “Die regverdiging vir die erkenning van groepsgedinge is dat sonder hierdie prosessuele middel, eisers toegang tot die howe geweier sal word” (eie vertaling). In *Mukaddam v Pioneer Foods (Pty) Ltd* 2013 5 SA 89 (KH) par. 29 verklaar Jafta R: “Toegang tot howe is van grondliggende belang vir ons demokratiese orde. Dit is nie slegs ’n hoeksteen van die demokratiese argitektuur nie, maar ook ’n medium waardeur die beskerming van die Grondwet self bereik kan word” (eie vertaling).

⁷⁹ Soos bv. die geval is m.b.t. die inkonsekwente benaderings van die verskillende afdelings van die Suid-Afrikaanse Hooggeregshof rakende die kwessie of sertifisering van groepsgedinge wat ingestel is ingevolge die Handves van Menseregte vereis word.

⁸⁰ Watson (2001:269).

⁸¹ Broodryk (2020:75).

⁸² Broodryk (2019:7–8).

⁸³ *Permanent Secretary, Department of Welfare, Eastern Cape v Ngxuza* 2001 4 SA 1184 (HHA) parr. 4–5.

⁸⁴ Bohlmann, Maisonnave, Chitiga-Mabugu, Henseler en Mabugu (2021).

⁸⁵ United Nations in South Africa (2020).

⁸⁶ Broodryk (2020:75).

⁸⁷ Sien die onderstaande bespreking deur Cameron AR oor die volgehoue toename in die voorkoms van groepsgedinge in Suid-Afrika.

⁸⁸ *Permanent Secretary, Department of Welfare, Eastern Cape v Ngxuza* 2001 4 SA 1184 (HHA) parr. 4–5.

⁸⁹ *Ibid.* Cameron AR verklaar: “Die probleme wat die tradisionele benadering tot deelname aan prosesvoering skep, word goed beskryf in ’n ontleding wat uitgegee is nadat die groepsgeding in die Verenigde State meer as 60 jaar gelede deur ’n Federale Hofuitspraak gereguleer is: ‘Die kardinale probleem met voeging ... is dat dit die voornemende klaers wat *en masse* op die howe toesak, voorveronderstel. In die meeste situasies kan sodanige spontaneïteit ook nie ontstaan nie, omdat die verskillende partye met die gedeelde belang geïsoleerd, verspreid en vreemdelinge vir mekaar is. Hoewel die noodigheid vir groepsgedinge deur voeging klaarblyklik bestaan, bestaan die toestande daarvoor nie. Dit is dalk nie genoeg vir die samelewing om eenvoudig howe op te stel en te wag vir litigante om hulle klagtes te bring nie – hulle kom dalk nooit nie ...’ Die groepsgeding sny regdeur hierdie kompleksiteit. Die uitspraak verbind almal en die voordele van die uitspraak val aan almal toe. Die proses is veral van nut waar ’n groot groep klaers elkeen ’n klein eis het wat moeilik of onmoontlik is om individueel verder te voer ... Die rede waarom die proses so dikwels ingeroep word, lê in die kompleksiteit van moderne maatskaplike strukture en die meegaande koste van regsverrigtinge ...” (eie vertaling).

⁹⁰ 2001 4 SA 1184 (HHA).

⁹¹ Par. 6.

⁹² Par. 12.

⁹³ *Ibid.*

⁹⁴ 2014 6 SA 77 (GP).

⁹⁵ Par. 24.

⁹⁶ Par. 27.

⁹⁷ Par. 26.

⁹⁸ *Ibid.*

⁹⁹ Sien bv. Erasmus (1999); Van Loggerenberg (2016). In Broodryk en De Vos (2019a:429) verklaar die outeurs: “In die laaste drie dekades was daar inderdaad dramatiese veranderinge aan die siviele regstelsels in verskillende gemenebestlande. ’n Belangrike stimulus vir die transformasie van die tradisionele gemenebest-beslegtingsproses in hierdie lande was lord Woolf se verslag met die titel *Access to justice: Final report to the Lord Chancellor on the civil justice system in England and Wales (1996)* en die inwerkingstelling daarvan in die Civil Procedure Rules van 1999. Die Woolf-hervormings het nuwe doelwitte vir die siviele proses in Engeland en Wallis gestel om die waargenome euwels van koste, vertraging en kompleksiteit uit te skakel. In wese sluit hierdie doelwitte die bereiking van geregtigheid deur doeltreffendheid, spoed, kostebesparing en proporsionaliteit in” (eie vertaling).

¹⁰⁰ Broodryk (s.j.).

¹⁰¹ *Ibid.*

¹⁰² *Ibid.*

¹⁰³ Maya (2020).